

Die HERE openbaar sy genade aan 'n Fariseër

Die Kerk in die spieël van Jona

Dr AH Bogaards

2017

Preek 3

Lees: Jona 1:7-10; Johannes 9:1-7

Teks: Jona1:7-10 (Reeks Jona nr. 3)

Datum: 23 April 2017

Psalms: Ps 92:1,2; 9:1; 136:1,2,3; 89:1,3,6; 146:4,8

1. Inleiding

In 1 Korintiërs 13 staan die mooi lied van die liefde. Van die liefde skryf Paulus: **Die liefde is lankmoedig**. Maar weet u: Die woord wat in 1 Korintiërs 13 vir **liefde** gebruik word, word in die eerste plek in die Bybel van Gó d is liefde gebruik. Een van die kenmerke van sy liefde is dus: lankmoedigheid. Die Here se liefde word ook beskryf met die woord goedertierenheid, wat ons kan vertaal met sy verbondsliefde of verbondslojaliteit. Die Here se verbondsliefde vir sy volk vind gestalte in sy lankmoedigheid.

En - dit is 'n absoluut onverdiende liefde. Dit sien ons in Jona: Die HERE openbaar die HERE sy genadige liefde aan sy onbekeerlike, liefdelose, dislojale wegloper kneg. Hier word die woorde van 1 Johannes 4:10 vlees en bloed in die praktyk, in die lewe van die kerk. Want hoor maar: **Hierin is die liefde: nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en sy Seun gestuur het as 'n versoening vir ons sondes**. En Romeine 5:8: **God bewys sy liefde tot ons daarin**

dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was. God is altyd eerste in sy liefde. Dit is 'n genadige, lankmoedige liefde.

Romeine 2:4 laat ons ook die bedoeling, die mikpunt van God se liefde, van sy lankmoedigheid sien: Die rykdom van sy verbondsliefde en lankmoedigheid wil ons tot bekering lei, tot werklike geloofs-kennis, soos die Kategismus dit beskryf: 'n gewisse kennis en 'n vaste vertoue.

Die lankmoedigheid van die HERE is 'n wonder. Die HERE het 'n langer asem as ons, as die hardnekkige sondaar. Hy agtervolg ons, tótdat Hy ons kry. En u moet nie net van verbons-liefde praat nie, maar ook van verbonds-lankmoedigheid. En as u verbond sê, dan sê u: Golgota. Die kruis is die geheim, die oorsaak, die vaste grond van God se geduld. Deur Christus is Hy geduldig met ons ... om van Christus alleen te lewe. Dis egte bekering.

1. Jona as die skuldige aangewys
2. Jona se geloofsbelydenis

2.1 Jona as die skuldige aangewys

'n Bekende teoloog, **Kohlbrügge**, het die Bybelse geskiedenis so opgesom:

Dit is die geskiedenis van **God se hardnekkige geduld** ondanks die geskiedenis van **Israel se hardnekkige opstand**.

Presies dit sien ons in Jona in die klein voor ons afspeel. Jona spieël immers sy volk af.

- **Enersyds** sien ons Jona in sy **hardnekkige opstandigheid**. Ten spyte van die kolkende golwe, wat getuig van God se majesteit en toorn, ondanks die hand van die HERE, wat sy profeet soek, al het Jona op grond van die Skrif geweet dat dit van God af kom – nogtans kom daar geen skuldbelydenis oor sy kneg se lippe nie. Jona is hardnekkig opstandig.
- **Andersyds** openbaar die Here Hom aan Jona in sy **hardnekkige geduld**. Ons sou sê: Waarom bemoei God hom nog met Jona? So 'n kneg is tog nie veel werd nie? Die HERE is tog nie verleë oor hom nie? Hy is immers in staat om uit stene kinders van Abraham, om uit sand profete te maak? Wat 'n neerbuigende geduld van die hoë God om soveel moeite te doen om sy balhorige kind te agtervolg. Wat 'n verbondslojaliteit dat Hy soveel tyd en soveel moeite besteë om sy hardnekkige kneg tot inkeer te bring.

Maar dan moet ons tog nie vergeet nie: Jona is spieël van die kerk. In Jona sien ons **ons ou mens** voor ons. Dit moet die kerk klein maak voor God, wanneer ons onself in die boek sien. Hoe nodig het die kerk self nie God se lankmoedigheid nie. Die HERE openbaar sy verbondsgeduld, sy verbondslojaliteit. Hy maak sy Naam aan ons bekend.

Nog laat die HERE Jona nie los nie. As Jona da nog nie sy skuld wil bely nie, ondanks die storm, ondanks die hand van die HERE, wat hy daarin kon sien nie - an sal die HERE hom **met die vinger aanwys** as die skuldige.

As die storm bly woed, hou die seemanne kajuitraad en hulle besluit: Laat ons die *lot* te werp. ***Dan sal ons weet om wie se ontwil hierdie ramp ons getref het.*** (v 7)

Hulle wil weet ***om wie se ontwil*** die storm hulle getref het. Die matrose is dus oortuig: Iemand het die gode baie kwaad gemaak. Daarom tref hierdie buitengewone ramp hulle.

Die heidense bemanning lê tereg 'n nou verband tussen die nood waarin hulle verkeer en die sonde. Daarin is hulle heeltemal reg. Immers: was daar geen sonde nie, dan was daar geen wonde nie. Die **oorsaak** van alles is die sonde. Alle ellende in hierdie lewe is die **gevolg** van die sonde.

Dit is 'n hartseer waarheid en tog is daar ook troos in. Ja, want dan weet ons met sekerheid: as die oorsaak weggeneem word, sal die gevolge ook eenmaal weggeneem word. En daarvoor het Jesus gekom. **Hy het die oorsaak van ons honger en kommer, die sonde, op Hom geneem.**

Tog is die matrose nie heeltemal reg nie. Hulle gaan te ver wanneer hulle tot die slotsom kom: die **besondere nood** is die gevolg van 'n **besondere sonde** van iemand. Dit is nie noodwendig so dat wanneer iemand deur 'n besondere nood getref word, hy dit as 'n straf op 'n besondere sonde in sy lewe moet sien nie. Lyding kan **ook ander redes** hê. Ek noem enkele voorbeelde:

- Die vriende van Job het hom heeltemal verkeerd beoordeel. Hulle het gemeen: Die lyding van Job moet daaraan toegeskryf word dat Job 'n groot sondaar is. Daarom straf die HERE hom so. Daarmee het hulle gruwelik veralgemeen.
- Nog 'n voorbeeld: In Johannes 9 lees ons die geskiedenis van die blindgeborene, wat Jesus siende gemaak het. Wanneer Jesus se dissipels dink dat hy blind was as gevolg van sy eie sondes of sy ouers se sonde, weerlê Jesus hulle en s: ***Hy het nie gesondig nie, en sy ouers ook nie; maar die werke van God moet in hom openbaar word.*** In sy genesing is die werk van God deur sy Seun geopenbaar. God is daarin verheerlik.

Ons moet daarom nie altyd in 'n besondere lewensnood of ramp of teenspoed 'n oordeel of straf van God sien nie.

Dit is ook so dat hierdie **lewe 'n oefenskool** is. Die Here berei ons voor vir die heerlikheid wat kom. By hierdie voorbereiding behoort ook lyding. Dit is tog een van die grondreëls van die Koninkryk van God: deur lyding heen tot heerlikheid.

Die lewe van 'n Christen is deur iemand geteken met die werk van 'n ystersmid: 'n ystersmid, wat met 'n stuk yster besig is by sy vuur en aambeeld. Met sy tang druk hy die yster in die gloeiende vuuroond. As die stuk yster kon skreeu, so hy gegil het van pyn: "Ystersmid, ystersmid, jy maak my so seer". Maar as die yster dink dat alles daarmee klaar is, het hy dit mis. Want dan word die witwarm yster op 'n aambeeld gesit. En dan slaan die ystersmid hom dat die vonke spat. Die arm stuk yster sou dit kon uitkerm van die pyn. En nog is dit nie klaar nie, want dan word die yster al sissend in 'n koelbak gesit, sodat die water sissend opspuit in wolke van stoom. Dit voel vir die yster soos die einde van alles. "Nou sterf ek". En hy kreun: "Ystersmid, wat het jy nou gedoen!" "Wat het ek gedoen?", vra die ystersmid – "Kyk hier" en hy haal die stuk yster uit die koelbak en hy hou dit voor ons: Kyk wat 'n pragtige stuk smeerwerk, wat ek gemaak het.

Hier in Jona is die bedoeling van die HERE met die groot storm duidelik. Die HERE bring hom terug waar hy hoort: in sy amp en om te preek in Ninevé se strate – en dit nogal sonder dat hy self wou en self daarvoor gevra het. En binne die groot verband: agter die storm moet Jona sy lankmoedigheid leer ken.

As Jona ongeag die storm nog nie skuld wil bely nie, wys die Here hom met die vinger as die skuldige aan: met **die vinger van die lot**. Die Here bestuur die lot, sê Spreuke 16:33. Die "vroom" Jona word nou deur heidene in die beskuldigebank geplaas. (v 8) Die kerkman staan voor 'n heidense regbank. Maar - agter hierdie regbank staan die HERE. Hý wys met die lot na Jona en Hý sê vir hom: **Jý** is die man; die straf is jou skuld en oor jou sonde.

Jona word deur die HERE en sy storm nie net teruggebring na sy amp nie. Hy kry ook les in die leer van genade alleen. Wat sal Jona se antwoord wees?

2.2 Jona se geloofsbelydenis

In vers 9 maak Jona eers sy **nasionaliteit** bekend: **Ek is 'n Hebreër**. Dit wil sê: Hy is 'n lid van God se verbondsvolk. In Nuwe Testamentiese taal sou hy gesê het: **Ek is 'n Christen**.

Wat moes die heidene nie daarvan gedink het: "Is dit hoe 'n gelowige hom gedra?" Daar staan die dominee dan met sy sonde voor die oë van die wêreld – die wêreld waarop hy so neergesien het en vir wie hy nie wou preek nie.

Dan volg sy **geloofsbelydenis**: . . . *ek vrees die HERE, die God van die hemel, wat die see en die droë land gemaak het*. Dit klink baie mooi, maar Jona beleef nie wat hy bely nie:

- **Ek vrees die HERE**. Hy sê dus: Ek dien die HERE, - die HERE wat 'n verbond met my gesluit het. Ek het eerbied en liefde vir Hom. Ja, maar intussen, intussen is Jona besig om in ongehoorsaamheid van Hom af weg te vlug en breek hy die band van die verbond.
- Hy bely die HERE se almag, *dat Hy die God van die hemel is, wat die see en die droë land gemaak het*. Dit het in Jona se Bybel gestaan. Maar as hy dit dan glo, hoe kon hy probeer om van Hom af weg te vlug. Dan moes hy tog geweet het dat dit die HERE is, wat die storm gestuur het.

Dit gebeur ook met ons: dat ons lewe in stryd is met wat ons bely. Ons bely dat alles **nét genade** is, maar leef ons ook **nét van genade**. Christus alleen, sê ons – maar gaan ons ook **nét** na Hom toe met alles: met ons berghoë skuld, met ons gebroke verhouding met God, met ons stukkende menseverhoudings, met ons stukkende kerk, met ons stukkende staat, met ons stukkende samelewing.

Bely én beleef. In die verband is die verhaal van Luther en die ou boer baie leersaam. Op 'n dag loop Luther hom raak. Die arme man was diep verslae en swarmoedig. Sy hele boerdery het afgebrand. Hy was raadop. Die toekoms het vir hom donker gelyk. "Wel, man" sê Luther, "ken jy die Twaalf Artikels?" Ja, dit ken hy en op Luther se versoek begin die boer dit opsê: "Ek glo in God die Vader, die Almagtige, Skepper van hemel en aarde en . . ." "Stop!" sê Luther vir hom. "Glo jy dit werklik?" Op die bevestigende antwoord van die man sê hy: "Maar mens, as jy nou waaragtig glo dat die Almagtige jou Vader is, hoe kan jy nog vir een oomblik bang wees dat Hy nie vir jou sal sorg nie?"

Daar is 'n **dubbele reaksie** op Jona se geloofsbelydenis: die reaksie van die heidense matrose en die reaksie van Jona – of beter gesê: die gebrek aan reaksie by Jona.

Die **reaksie** van die heidene op Jona se geloofsbelydenis staan in skrilte kontras met die profet se eie houding ten opsigte van sy belydenis:

- Hulle het *gevrees* (v10). Jona, hoe kon jy van so 'n groot en gedugte God probeer wegvlug, *die God van die hemel is, wat die see en die droë land gemaak het?* Daarom stort hulle hul verwyte op Jona neer: *Wat het jy nou gedoen?* Dit is 'n uitroep van verbasing. Hoe kon jy dit nou gedoen het!
- Maar Jona, Jona die Skrifgeleerde, die man van God - Het **hý** gevrees? Daar sit 'n vermaning in die woordjie *vrees* van vers 10: Die **seemanne** het *gevrees* Om meer presies te wees: – die heidense matrose het *baie gevrees*. Maar Jona? Ja, **Jona** het bely dat hy die **HERE vrees** – maar intussen kon jy in sy reaksie op die storm niks daarvan sien nie. Die woorde moes hol geklink het in die ore van die heidene: Ek vrees God! Hulle sou seker daarby gedink het: Dit lyk nie so nie? Intendeel, hy is hy ongehoorsaam ondanks sy Godskennis en ondanks sy Skrifkennis.

O, hoe diep beskaam die heidene Jona. So 'n God het hulle nie geken nie, maar as hulle hom sou geken het, sou hulle sekerlik nie gewaag het om te doen wat Jona gedoen het nie.

En ons? Wat sal die heidene van ons dink as hulle by ons in 'n erediens kom? Miskien sal hulle vra: "Maar as jy nou werklik glo dat die boodskap van die dominee 'n goddelike boodskap is, die heel belangrikste wat in die hele wêreld gesê kan word, hoe kan jy dan so onbewoë en verveeld, so sonder enige verskrikking of verwondering daarna sit en luister? Hoekom doen dit niks aan jou lewe nie?" Die kerk het eweseer 'n behoefte aan bekering en genade.

Intussen het Jona nog **nie werklik sy skuld bely** nie. O, so in die algemeen het hy wel erken dat hy vir God vlug, maar hy **sê nie waarom nie**. Dit is geen skuldbelydenis nie. Jona moet konkreter word.

Daar is ook 'n vraag van die heidense regbank wat onbeantwoord bly: Wat is jou beroep?

3. Slot.

Die **HERE** is stap vir stap in die lewe van Jona en die kerk besig om Jona 4:2 aan hulle te leer: ... *U (is) 'n genadige en barmhartige God is, lankmoedig en groot van goedertierenheid ...* Die **HERE** is besig om Jona daartoe te ly om die woordjie **my** daarby te voeg: U is vir **mý** 'n lankmoedige, genadige God ook **vir mý, ja, óók vir my** . Dit is die mikpunt van God se geduld.

AMEN.